**Voldoening aan Amerikaanse Foreign Corrupt Practices-wet en ander korrupsiewette**

## BELEID

Wanneer Monsanto besigheid doen, sal die maatskappy voldoen aan alle toepaslike wette en regulasies, insluitende die Amerikaanse Foreign Corrupt Practices-wet ("FCPA") en soortgelyke omkoperywette van ander lande, insluitend wette wat die OECD- (organisasie vir ekonomiese samewerking en ontwikkeling) en OAS- (organisasie van Amerikaanse deelstate) konvensies implementeer. Alle persone wat aan hierdie beleid onderworpe is, soos hier onder aangedui, word streng verbied om enige omkoopgeld, agteraf betaling of ander voorwerpe of geskenke van waarde aan enige "buitelandse beampte"[1] direk of indirek deur 'n derde party aan te bied, te betaal, te beloof of te magtig, om enige kontrak, konsessie of ander gunstige behandeling vir Monsanto te bekom. Daarbenewens word daar van alle sodanige persone vereis om te voldoen aan Monsanto se beleid en prosedures wat ontwerp is om te verseker dat Monsanto aan hierdie wette voldoen. Ten slotte sal Monsanto voldoen aan die rekeningkundige en rekordhouding-bepalings van die FCPA. Monsanto vertrou op fakture en ander dokumente wat ontvang word van, of geproduseer word deur Monsanto se sakevennote, om akkurate boekhouding en rekords daar te stel en te handhaaf.

## OMVANG

Hierdie beleid is van toepassing op alle aksies wat deur sakevennote uitgevoer word namens Monsanto en op alle Monsanto-beamptes, -direkteurs en voltydse en deeltydse werknemers. Daarbenewens sal hierdie beleid van toepassing wees op alle geaffilieerde en gesamentlike ondernemings onder Monsanto se beheer.

Alle sakevennote wat Monsanto verteenwoordig (insluitend konsultante, agente, verkoopsverteenwoordigers, verspreiders, en onafhanklike kontrakteurs) wat namens die "maatskappy" skakel met "buitelandse beamptes" sal alle toepaslike gedeeltes van hierdie beleid nakom.

---

[1] "Buitelandse beampte" sluit in alle werknemers van 'n nie-Amerikaanse staatsdepartement of -agentskap, hetsy in die uitvoerende, wetgewende en geregtelike afdelings van die regering, en hetsy op nasionale, deelstaat- of plaaslike vlak (of hul ekwivalente). Die term dek deeltydse werkers, onbetaalde werkers, enige persoon wat "in 'n amptelike hoedanigheid optree", en lede van 'n koninklike familie. Onder die term "beampte" word ook politieke partye, partybeamptes, en kandidate vir 'n politieke amp gereken. Daarbenewens sluit beamptes werknemers van publieke internasionale organisasies in soos die Verenigde Nasies ("VN"), die FAO (VN se voedsel-en-landbou-organisasie), die ICAC (internasionale katoenadvieskomitee) en die internasionale kosbeleidnavorsingsinstituut. Ten slotte dek die term "nie-Amerikaanse staatsbeampte" beamptes en werknemers van staatsondersteunde akademiese instellings en maatskappye in besit van of onder beheer van die regering, selfs indien die maatskappye bedryf word soos korporasies in private besit. In baie gevalle word hierdie persone nie deur hul eie regerings as beamptes beskou nie, en word daar van hulle verwag om op te tree soos enige ander private sakepersoon. Vir die doeleindes van die FCPA is dit egter regtens irrelevant of 'n persoon deur die betrokke regering as 'n beampte beskou word. Die Amerikaanse wet se definisie bly van krag.

**BESPREKING**

Die FCPA maak dit onwettig om "buitelandse beamptes" te betaal, of selfs aan te bied of te beloof om te betaal - om besigheid te kry of te behou. Enige betaling aan 'n buitelandse beampte, hetsy direk of indirek, deur 'n sakevennoot, insluitend buitensporige vermaak of geskenke, vir die doel om besigheid te verkry of te behou of die een of ander saak onbehoorlik ten gunste van Monsanto te beïnvloed, kan beskou word as omkoopgeld en kan lei tot oortreding van die wet.

Die FCPA vestig aanspreeklikheid vir betalings wat indirek aan 'n buitelandse beampte gemaak word, asook wat direk gemaak word. Die maatskappy- en individuele beamptes of werknemers kan dalk aanspreeklik gehou word vir betalings wat deur 'n sakevennoot gemaak word, soos deur 'n verkoopsverteenwoordiger, konsultant, agent, kontrakteur, subkontrakteur, gesamentlikeonderneming-vennoot, of ander party, indien die maatskappy 'n betaling maak of andersins waarde aan daardie sakevennoot oordra terwyl die maatskappy weet of rede het om te weet dat die betaling in geheel of gedeeltelik gebruik gaan word om 'n onbehoorlike betaling aan 'n "buitelandse beampte" te maak. (Dit geld selfs as die sakevennoot nie sélf onderhewig aan die FCPA is nie.) Aanspreeklikheid kan ontstaan indien die maatskappy bewus is van feite wat dui op 'n "hoë waarskynlikheid" dat die sakevennoot die waarde wat van die maatskappy ontvang word in geheel of gedeeltelik gaan oordra aan 'n buitelandse beampte vir 'n korrupte doel. Gevolglik moet Monsanto verhoudings met sakevennote met omsigtigheid hanteer, en seker maak dat sakevennote aan alle toepaslike korrupsiewette sal voldoen.

Soos reeds genoem kan geskenke en vermaak, en ander uitgawes wat namens buitelandse beamptes aangegaan word, in sekere omstandighede aanleiding gee tot oortredings van die FCPA en ander internasionale korrupsiewette. Gevolglik moet alle Monsanto-direkteurs, -werknemers en -verteenwoordigers voldoen aan die maatskappy se beleid oor die voorsiening van en vergoeding vir geskenke, etes, vermaak en reis (korporatiewe kontroleursbeleid nommer 85001.00). Sakevennote word nie gemagtig om namens Monsanto geskenke te gee aan, of buitelandse beamptes te vermaak nie, tensy skriftelik daartoe gemagtig.

Sakevennote wat namens die maatskappy optree kan versoek word om fasiliterende of bespoedigingsbetalings aan 'n buitelandse beampte te maak om die uitvoering van roetine-regeringsoptrede deur daardie beampte te bekom of te bespoedig. Sodanige betalings kan dalk plaaslike wette oortree. Gevolglik verbied Monsanto-beleid dit om fasiliterende betalings te maak of aan te bied. Enige versoek vir sodanige betaling moet van die hand gewys word en onmiddellik gerapporteer word aan u streekswerksgroepe (of in die geval van sakevennote, aan u primêre Monsanto-sakekontak).

In sommige gevalle kan 'n betaling aan 'n buitelandse beampte as die klein uitsondering van die FCPA kwalifiseer, naamlik vir gesondheid-en-veiligheid-betalings wat onder afpersing of dwang gemaak word. Die wetgewende geskiedenis van die FCPA identifiseer afpersing as 'n verweer teen oortredings van die FCPA, maar dit is net beskikbaar in 'n noodgeval, waar die betaling 'n onmiddellike gevaar vir 'n persoon se gesondheid of veiligheid of onmiddellike vernietiging van eiendom sou voorkom. Die motivering vir die verweer van afpersing is dat die persoon wat die betaling maak, in sodanige noodgeval nie die korrupte bedoeling sou hê om omkoopgeld te betaal nie. Betalings aan buitelandse beamptes in gevalle waar 'n persoon se liggaamlike gesondheid of veiligheid in gevaar is, skend nie Monsanto se korrupsiebeleid nie. Die bedreiging moet egter geloofwaardig wees. Alle gesondheid-en-veiligheid-betalings moet binne een (1) dag

ná betaling aan Monsanto se hoofraad, die korporatiewe kontroleur, die streeksregshoof en die streeks- finansiële hoof gerapporteer word.

Direkteurs, werknemers of sakevennote wat onbehoorlike betalings aan buitelandse beamptes maak, is onderhewig aan die toepaslike dissiplinêre optrede deur die maatskappy, asook die wetlike gevolge van die oortreding van toepaslike wette. Dissiplinêre optrede kan geneem word teen 'n individu wat:

- Weet dat 'n oortreding van hierdie beleid deur ander partye beoog word en versuim om dit by die Sakegedragkantoor of hul streekswerksgroep te rapporteer; of

- Weet dat daar 'n oortreding van hierdie beleid deur hulself of ander werknemers voorgekom het, en versuim om dit by die Sakegedragkantoor of hul streekswerksgroep te rapporteer.

**OUDIT**

Monsanto se interne ouditafdeling sal voldoening aan hierdie beleid oudit.